*Woensdag* **17 September**

**Skrifgedeelte: Romeine 1:18-23 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Romeine 1:20**

**Die openbaring van God kan nie ontken word nie**

Om Paulus se redenasie te verstaan, moet ons by die begin begin. Genesis 1: *"In die begin het God die hemel en die aarde geskape."* Diere plante en mense. Ons bely in die Nederlandse Geloof Belydenis Artikel 2: *"Die skepping is voor ons oë soos 'n mooi boek ... waarin alle skepsele, groot en klein die letters is wat ons die onsigbare dinge van God laat sien."* Die roos lyk nie soos die aster nie en die perd nie soos die skaap nie. Sy ewige krag en Goddelikheid kan duidelik daarin gesien word. Die algemene openbaring van God wat geen mens, gelowig en ongelowig, kan miskyk of ontken nie.

Paulus skryf dat dié wat deur goddeloosheid en ongeregtigheid die waarheid onderdruk, die ateïs, ongelowige, onverskillige, geen verontskuldiging kan hê dat hy nie geweet het nie. Die mens kan vele dinge maak en met die druk van 'n knoppie baie dinge laat gebeur. Die mens het baie slim geword en vir homself baie belangrik, maar die openbaring van God, die werk van God, kan niemand nadoen of ontken nie.

Sien dan in die natuur, in jou medemens, in jouself, die wonder van God wat in ons en om ons is. En wees verwonder oor die geloof wat deur sy Gees in jou leef. Dat jy Hom mag ken en herken. Die almag van die Here wat geopenbaar word in die werking van sy Woord en Gees.

*Sing: Psalm 8-1:1, 4*

*Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)*